

Provincial Gazette

Provinsiale Koerant

8361

8361

Friday, 27 November 2020

Vrydag, 27 November 2020

Registered at the Post Office as a Newspaper

As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer

CONTENTS

INHOUD

(*Reprints are obtainable at Room M12, Provincial Legislature Building, 7 Wale Street, Cape Town 8001.)

(*Herdrukke is verkrygbaar by Kamer M12, Provinsiale Wetgewing-gebou, Waalstraat 7, Kaapstad 8001.)

No.	Page
Tenders:	
Notices.....	782
Local Authorities	
Cape Agulhas Municipality: Appointment of Members	785
Cape Agulhas Municipality: Removal of Restrictions	783
Cape Agulhas Municipality: Removal of Restrictions	784
City of Cape Town: Removal and Amendment of Conditions ...	785
City of Cape Town: Removal of Condition	784
City of Cape Town: Removal of Condition	788
City of Cape Town: Removal of Condition	788
City of Cape Town: Removal of Conditions	786
City of Cape Town: Removal of Conditions	786
City of Cape Town: Removal of Conditions	787
City of Cape Town: Removal of Conditions	783
City of Cape Town: Removal of Conditions	783
Department of Transport and Public Works:	
Erratum	789
George Municipality: Calling for Inspection of the	
First Supplementary Valuation Roll 2020/21	787
Hessequa Municipality: Erratum	784
Oudtshoorn Municipality: Notice	789
Overstrand Municipality: Amended Notice	790
Overstrand Municipality: By-law on Municipal	
Land Use Planning	782
Overstrand Municipality: Closure of Public Place	788

Nr.	Bladsy
Tenders:	
Kennisgewings	782
Plaaslike Owerhede	
Kaap Agulhas Munisipaliteit: Aanstelling van Lede	785
Kaap Agulhas Munisipaliteit: Opheffing van Beperkings	783
Kaap Agulhas Munisipaliteit: Opheffing van Beperkings	784
Stad Kaapstad: Opheffing en Wysiging van Voorwaardes.....	785
Stad Kaapstad: Opheffing van Voorwaarde.....	784
Stad Kaapstad: Opheffing van Voorwaarde.....	788
Stad Kaapstad: Opheffing van Voorwaarde.....	788
Stad Kaapstad: Opheffing van Voorwaardes	786
Stad Kaapstad: Opheffing van Voorwaardes	786
Stad Kaapstad: Opheffing van Voorwaardes	787
Stad Kaapstad: Opheffing van Voorwaardes	783
Stad Kaapstad: Opheffing van Voorwaardes	783
Departement van Vervoer en Publieke Werke:	
Erratum (Slegs Engels)	789
George Munisipaliteit: Kennisgewing vir Inspeksie van die	
Eerste Aanvullende Waardasielys 2020/21	787
Hessequa Munisipaliteit: Erratum.....	784
Oudtshoorn Munisipaliteit: Notice (Slegs Engels).....	789
Overstrand Munisipaliteit: Gewysigde Kennisgewing.....	790
Overstrand Munisipaliteit: Verordening op Munisipale	
Grondgebruikbeplanning	782
Overstrand Munisipaliteit: Sluiting van Publieke Plek	788

TENDERS

N.B. Tenders for commodities/services, the estimated value of which exceeds R20 000, are published in the Government Tender Bulletin, which is obtainable from the Government Printer, Private Bag X85, Pretoria, on payment of a subscription.

NOTICES BY LOCAL AUTHORITIES**OVERSTRAND MUNICIPALITY****PREAMBLE**

WHEREAS Sections 156(2) and (5) of the Constitution provide that a municipality may make and administer by-laws for the effective administration of the matters which it has the right to administer, and to exercise any power concerning a matter reasonably necessary for, or incidental to, the effective performance of its functions;

AND WHEREAS Part B of Schedule 4 to the Constitution lists Municipal Planning as a local government matter to the extent set out in Sections 155(6)(a) and (7);

AND WHEREAS the Overstrand Municipality seeks to manage, control and regulate municipal land use planning and any matters connected therewith;

BE IT ENACTED by the Council of the Overstrand Municipality, as follows:

SCHEDULE**OVERSTRAND MUNICIPALITY: BY-LAW ON MUNICIPAL LAND USE PLANNING, 2020**

In terms of Section 72 of the above mentioned By-Law, notice is hereby given that the municipal council of the Overstrand Municipality on 28 October 2020 appointed the following persons to serve as members of the Overstrand Municipal Planning Tribunal, established in terms of Section 71 of the said By-law:

Internal Members appointed in terms of Section 71(1)(a)

Mr Stephen Müller (Director: Infrastructure and Planning) – Deputy Chairperson

Mr Solomzi Madikane (Director: Economic Development & Tourism)

Mr Hanré Bignaut (Deputy Director: Engineering Services)

Ms Rochelle Louw (Senior Manager: Strategic Services)

External Members appointed in terms of Section 72(1)(b)

Ms Heleen Janser (Provincial Government Western Cape) – Chairperson

Ms Dalene Carstens (Provincial Government Western Cape)

The municipal council further determined that the term of office of the above tribunal members shall be five (5) years from the date of the coming into operation of the above By-Law, namely 8 February 2021.

In terms of Section 72(4)(b) of the Overstrand Municipality Municipal Planning By-law, 2015 notice is further given that the Overstrand Municipality Municipal Planning Tribunal will commence with its operations on the date of the coming into operation of the above By-law, namely 8 February 2021.

The municipal council further determined that a legally prescribed process be followed to include an additional, external, publicly nominated member of the Overstrand Municipality Municipal Planning Tribunal.

Municipal Notice No. 146/2020

DGI O'NEILL, MUNICIPAL MANAGER,
PO BOX 20, HERMANUS 7200

27 November 2020

20618

TENDERS

L.W. Tenders vir kommoditeite/dienste waarvan die beraamde waarde meer as R20 000 beloop, word in die Staatstenderbulletin gepubliseer wat by die Staatsdrukker, Privaatsak X85, Pretoria, teen betaling van 'n intekengeld verkrygbaar is.

KENNISGEWINGS DEUR PLAASLIKE OWERHEDE**OVERSTRAND MUNISIPALITEIT****AANHEF**

AANGESIEN Artikels 156(2) en (5) van die Grondwet bepaal dat 'n munisipaliteit verordeninge mag uitvaardig en administreer vir die doeltreffende administrasie van die aangeleenthede wat hy die reg het om te administreer, en om enige bevoegdheid uit te oefen met betrekking tot 'n aangeleentheid wat redelikerwys nodig is vir, of verband hou met, die doeltreffende uitvoering van sy funksies;

EN AANGESIEN Deel B van Bylae 4 tot die Grondwet munisipale beplanning lys as 'n plaaslike regeringsaangeleentheid tot die mate soos uiteengesit in Artikels 155(6)(a) en (7)

EN AANGESIEN die Overstrand Munisipaliteit poog om munisipale grondgebruikbeplanning en enige aangeleenthede wat daarmee in verband staan te bestuur, beheer en reguleer;

WORD DAAR soos volg deur die Overstrand Munisipaliteit bepaal:—

BYLAE**MUNISIPALITEIT OVERSTRAND VERORDENING OP MUNISIPALE GRONDGEBRUIKBEPLANNING, 2020**

Ingevolge Artikel 72 van die bostaande Verordening word hiermee kennis gegee dat die munisipale raad van die Munisipaliteit Overstrand op 28 Oktober 2020 die volgende persone aangestel het as lede van die munisipale beplanningstribunaal ingevolge Artikel 71 van voormelde Verordening:

Interne Lede aangestel ingevolge Artikel 71(1)(a)

Mnr Stephen Müller (Direkteur: Infrastruktuur en Beplanning) – Onder Voorsitter

Mnr Solomzi Madikane (Direkteur: Ekonomiese Ontwikkeling en Toerisme)

Mnr Hanré Bignaut (Adjunk Direkteur: Ingenieurswese)

Me Rochelle Louw (Senior Bestuurder: Strategiese Dienste)

Eksterne Lede aangestel ingevolge Artikel 72(1)(b)

Me Heleen Janser (Provinsiale Regering Wes-Kaap) – Voorsitter

Me Dalene Carstens (Provinsiale Regering Wes-Kaap)

Die munisipale raad het die ampstermyn van bostaande tribunaallede vasgestel op vyf (5) jaar vanaf die datum van inwerkingtreding van bogenoemde verordening, synde 8 Februarie 2021.

Ingevolge Artikel 72(4)(b) van die Overstrand Munisipaliteit Verordening op Munisipale Beplanning, 2015 word hiermee ook kennis gegee dat die Munisipale Beplanningstribunaal van die Munisipaliteit Overstrand in werking sal tree op die inwerkingsdatum van voormelde verordening, synde 8 Februarie 2021.

Die munisipale raad het verder bepaal dat 'n proses gevolg moet word om 'n addisionele, eksterne, publieke genomineerde lid by die Munisipale Beplanningstribunaal van Munisipaliteit Overstrand in te sluit.

Munisipale kennisgewing Nr 146/2020

DGI O'NEILL, MUNISIPALE BESTUURDER,
POSBUS 20, HERMANUS 7200

27 November 2020

20618

CITY OF CAPE TOWN

M2019

CITY OF CAPE TOWN MUNICIPAL PLANNING BY-LAW,
2015

Notice is hereby given in terms of the requirements of section 48(5)(a) of the City of Cape Town Municipal Planning By-Law, 2015 that the City has on application by Messrs First Plan Town & Regional Planners, removed conditions as contained in Title Deed No. T26767/2018, in respect of Portion 29 of Farm 918 Gustrouw, in the following manner:

Removed conditions: D.A.2 and D.A.3

27 November 2020

20620

STAD KAAPSTAD

M2019

STAD KAAPSTAD: VERORDENING OP MUNISIPALE
BEPLANNING, 2015

Kennisgewing geskied hiermee kragtens die vereistes van artikel 48(5)(a) van die Stad Kaapstad: Verordening op Munisipale Beplanning, 2015, dat die Stad na aanleiding van 'n aansoek deur Messrs First Plan Town & Regional Planners, voorwaardes soos vervat in titelakte no. T26767/2018, ten opsigte van gedeelte 29 van plaas 918 Gustrouw, soos volg verwyder het:

Voorwaardes opgehef: D.A.2 en D.A.3

27 November 2020

20620

CITY OF CAPE TOWN

CITY OF CAPE TOWN MUNICIPAL PLANNING BY-LAW,
2015

Notice is hereby given in terms of the requirements of section 48(5)(a) of the City of Cape Town Municipal Planning By-Law, 2015 that the City has on application by the owner of Remainder Erf 1224 Hout Bay removed conditions as contained in Title Deeds No. T79237/2007 & T22614/2017 in respect of Remainder Erf 1224 Hout Bay, in the following manner:

1. APPLICATIONS GRANTED IN TERMS OF SECTION 98(b) OF THE BY-LAW

1.1 Deletion of the following conditions in title deeds T79237/2007 & T22614/2017:

1.1.1 Condition B(b): *“That only one dwelling, together with such outbuildings as are ordinarily required to be used therewith, be erected on this erf.”*

1.1.2 Condition B(c): *“That not more than one-third the area of this erf be built upon.”*

27 November 2020

20621

STAD KAAPSTAD

STAD KAAPSTAD: VERORDENING OP MUNISIPALE
BEPLANNING, 2015

Kennis geskied hiermee ingevolge die vereistes van artikel 48(5)(a) van die Stad Kaapstad: Verordening op Munisipale Beplanning, 2015 dat die Stad na aanleiding van die aansoek deur die eienaar van restant Erf 1224 Houtbaai op die volgende wyse voorwaardes opgehef het, soos vervat in titelakte no. T79237/2007 en T22614/2017 ten opsigte van restant Erf 1224 Houtbaai (vertaal):

1. AANSOEKE TOEGESTAAN INGEVOLGE ARTIKEL 98(b) VAN DIE VERORDENING

1.1 Skrapping van die volgende voorwaardes ten opsigte van titelakte T79237/2007 en T22614/2017:

1.1.1 Voorwaarde B(b): *“Dat slegs een woning, tesame met sodanige buitegeboue as wat gewoonlik daarmee saam gebruik word, op hierdie erf opgerig mag word.”*

1.1.2 Voorwaarde B(c): *“Dat daar nie op meer as een-derde van die oppervlak van hierdie erf gebou word nie.”*

27 November 2020

20621

CAPE AGULHAS MUNICIPALITY

REMOVAL OF RESTRICTIVE CONDITION(S):
ERF 348 L'AGULHASCAPE AGULHAS BY-LAW ON MUNICIPAL
LAND USE PLANNING

Notice is hereby given that the Authorised Official on the 8th of September 2017, removed condition(s) C.1.(d) applicable to Erf 348 L'Agulhas as contained in Title Deed, T10307/2016 in terms of section 33(7) of the Cape Agulhas By-law on Municipal Land Use Planning.

27 November 2020

20624

KAAP AGULHAS MUNISIPALITEIT

OPHEFFING VAN BEPERKENDE VOORWAARDE(S):
ERF 348 L'AGULHASKAAP AGULHAS VERORDENINGE OP MUNISIPALE
GRONDGEBRUIKBEPLANNING

Hiermee word kennis gegee dat die Gemagtigde Werknemer op 8 September 2017, voorwaarde(s) C.1.(d) wat betrekking het op Erf 348 L'Agulhas soos vervat in Transportakte T10307/2016, ingevolge artikel 33(7) van die Kaap Agulhas Verordeninge op Munisipale Grondgebruikbeplanning opgehef het.

27 November 2020

20624

HESSEQUA MUNICIPALITY

**ERRATUM: To Notice Published on 20 November 2020
—(Gazette 8356)****VALUATION ROLL: 1 July 2021 – 30 June 2026****PUBLIC NOTICE CALLING FOR INSPECTION OF
VALUATION ROLL AND LODGING OF OBJECTIONS**

Notice is hereby given in terms of Section 49(1)(a)(i) of the Local Government: Municipal Property Rates Act, 2004 (Act No. 6 of 2004), hereinafter referred to as the “Act”, that the Valuation Roll for the 2021 to 2026 financial years is open for public inspection at all offices and libraries in Hessequa Municipal Area from 27 November 2020 to 29 January 2021. In addition, the valuation roll is available at website www.hessequa.gov.za.

An invitation is hereby made in terms of Section 49(1)(a)(ii) of the Act that any owner of property or other person who so desires should lodge an objection with the municipal manager in respect of any matter reflected in, or omitted from, the valuation roll within the above-mentioned period.

Attention is specifically drawn to the fact that in terms of Section 50(2) of the Act an objection must be in relation to a specific individual property and not against the valuation roll as such.

The official form for the lodging of an objection is obtainable at the following address: Property Rates Department, Municipal Offices, Van den Berg Street, Riversdale or website www.hessequa.gov.za.

The completed forms must be returned to the following address: Municipal Manager, Van den Berg Street, P.O. Box 29, RIVERSDALE, 6670 or emailed to valuations@hessequa.gov.za. The closing date for the lodging of objections is Friday 29 January 2021.

For enquiries please phone the property rates department Riversdale tel: (028) 713 8000 or email valuations@hessequa.gov.za.

J JACOBS, MUNICIPAL MANAGER, HESSEQUA MUNICIPALITY,
PO Box 29, RIVERSDALE, 6670

27 November 2020

20623

CAPE AGULHAS MUNICIPALITY

**REMOVAL OF RESTRICTIVE CONDITION(S):
ERF 536 L'AGULHAS****CAPE AGULHAS BY-LAW ON MUNICIPAL
LAND USE PLANNING**

Notice is hereby given that the Authorised Official on the 10th of November 2020, removed condition(s) 4(d) applicable to Erf 536 L'Agulhas as contained in Title Deed, T195961/1983 in terms of section 33(7) of the Cape Agulhas By-law on Municipal Land Use Planning.

27 November 2020

20625

CITY OF CAPE TOWN

**CITY OF CAPE TOWN MUNICIPAL PLANNING
BY-LAW, 2015**

Notice is hereby given in terms of the requirements of section 48(5)(a) of the City of Cape Town Municipal Planning By-Law, 2015 that the City has on application by Andrew Pratt Town Planning to remove a condition as contained in Title Deed No. T 33733/2018 and referred to in Deed of Transfer No T6427/1941 in respect of Erf 3182, Camps Bay, in the following manner:

Removed condition:

1.1.1. Condition B(c), which reads as: “That no building or structure, or any portion thereof, except boundary walls and fences, shall be erected nearer than 15 feet to the street line which forms a boundary of this erf. No such building or structure shall be situated within 5 feet of the lateral boundary common to any adjoining erf”;

27 November 2020

20629

HESSEQUA MUNISIPALITEIT

**ERRATUM: Tot Kennisgewing gepubliseer op 20 November 2020
—(Gazette 8356)****WAARDASIEROL: 1 July 2021 – 30 Junie 2026****AMPTELIKE KENNISGEWING VIR DIE INSPEKSIE VAN
DIE WAARDASIEROL EN AANTEKENING VAN BESWARE**

Kennis word hiermee gegee in terme van Artikel 49(1)(a)(i), van die Plaaslike Regering: Munisipale Eiendomsbelasting Wet, 2004, (Wet No. 6 van 2004), hierin verder verwys na as die “Wet”, dat die Waardasierol vir die 2021 tot 2026 finansiële jare ter insae lê by al die kantore en biblioteke binne Hessequa Munisipale gebied vanaf 27 November 2020 to 29 Januarie 2021. Die waardasierol is ook beskikbaar op die webwerf: www.hessequa.gov.za.

’n Uitnodiging word hiermee gerig in terme van Artikel 49 (1)(a)(ii) van die Wet, dat enige eienaar van eiendom, of enige ander persoon, wat so begeer, beswaar kan maak by die Munisipale Bestuurder ten opsigte van enige aangeleentheid vervat in, of uitgelaat in die Waardasierol binne bogenoemde tydperk.

Aandag word spesifiek gevestig op die feit dat in terme van Artikel 50 (2) van die Wet, dat beswaar gemaak word ten opsigte van ’n spesifieke individuele eiendom en nie teen die Waardasierol as sulks nie.

Die amptelike beswaarvorm is beskikbaar by Die Eiendomsbelasting Afdeling, Munisipale Kantore, van den Bergstraat Riversdal of webwerf www.hessequa.gov.za

Die voltooide beswaarvorms moet gepos word aan die Munisipale Bestuurder, Van den Bergstraat, Posbus 29, Riversdal, 6670, of per e-pos gestuur word aan valuations@hessequa.gov.za. Die sluitingsdatum vir die indiening van enige besware is Vrydag 29 Januarie 2021.

Vir navrae skakel die eiendomsbelasting afdeling, Riversdal Tel: (028) 713 8000 of epos valuations@hessequa.gov.za

J JACOBS, MUNISIPALE BESTUURDER, HESSEQUA MUNISIPALITEIT, Posbus 29, RIVERSDAL, 6670

27 November 2020

20623

KAAP AGULHAS MUNISIPALITEIT

**OPHEFFING VAN BEPERKENDE VOORWAARDE(S):
ERF 536 L'AGULHAS****KAAP AGULHAS VERORDENINGE OP MUNISIPALE
GRONDGEBRUIKBEPLANNING**

Hiermee word kennis gegee dat die Gemagtigde Werknemer op 10 November 2020, voorwaarde(s) 4(d) wat betrekking het op Erf 536 L'Agulhas soos vervat in Transportakte T195961/1983, ingevolge artikel 33(7) van die Kaap Agulhas Verordeninge op Munisipale Grondgebruikbeplanning opgehef het.

27 November 2020

20625

STAD KAAPSTAD

**STAD KAAPSTAD VERORDENING OP MUNISIPALE
BEPLANNING, 2015**

Kennis geskied hiermee ingevolge die vereistes van artikel 48(5)(a) van die Stad Kaapstad: Verordening op Munisipale Beplanning, 2015 dat die Stad na aanleiding van ’n aansoek deur Andrew Pratt Town Planning die voorwaardes soos vervat in titelakteno. T33733/2018 en waarna in oordragakte T6427/1941 verwys word ten opsigte van Erf 3182, Kampsbaai, soos volg opgehef het:

Voorwaarde opgehef:

1.1.1. Voorwaarde B(c), wat soos volg lui: “Dat geen gebou of struktuur of enige gedeelte daarvan, buiten grensmure en heinings, nader as 15 voet aan die straatlyn wat ’n grens van hierdie erf vorm, opgerig mag word nie. Geen sodanige gebou of struktuur mag nader as 5 voet vanaf die laterale grens gemeenskaplik aan enige aangrensende erf geleë wees nie”;

27 November 2020

20629

CAPE AGULHAS MUNICIPALITY

CAPE AGULHAS MUNICIPALITY: MUNICIPAL LAND USE PLANNING BY-LAW, 2015

APPOINTMENT OF MEMBERS OF THE CAPE AGULHAS MUNICIPAL PLANNING TRIBUNAL

Notice is hereby given in terms of section 72(11) of the Cape Agulhas Municipality Municipal Planning By-law, 2015, that on 28 October 2020, the Municipal Council of the Cape Agulhas Municipality amended the membership of its Municipal Planning Tribunal as a result of vacancies that occurred.

The following employees are appointed in terms of Section 71(1)(a) of the said by-law.

- Mr Eben Phillips (Municipal Manager) Chairperson from 2 November 2020 until termination of his employment contract, which period shall not exceed 5 years.
- Mr Abdul Aziz Jacobs (Director: Infrastructure Services) – Deputy Chairperson for the remainder of his five year term of office which commenced on 31 July 2018.

The following persons who are not in the employ of the Cape Agulhas Municipality are appointed in terms of section 71(1)(b)

- Mr Francois Kotze—(Overberg District Municipality) for a further period of 5 years from 2 November 2020.

In terms of Section 72 (11)(c)(iv) of the Cape Agulhas By-law on Municipal Land Use Planning, 2015 notice is further given that the amended Cape Agulhas Municipality Planning Tribunal will commence operation on the date of publication of this notice.

EO PHILLIPS, MUNICIPAL MANAGER

27 November 2020

20626

CITY OF CAPE TOWN

CITY OF CAPE TOWN MUNICIPAL PLANNING BY-LAW, 2015

Notice is hereby given in terms of the requirements of section 48(5)(a) of the City of Cape Town Municipal Planning By-Law, 2015 that the City has on application by **Pierre Smit & Associates**, removed and amended restrictive title deed conditions as contained in Title Deed No **T94455/2007, 22346/2012 and T14247/2006**, in respect Erven 213 AND 214 SEA POINT, in the following manner:

Deletion of condition contained in Title Deed T94455/2007

- C1: B. That no more than one house costing not less than One Thousand Pounds shall be built on each of the above Lot.

Amendment of condition contained in Title Deed 22346/2012 and T14247/2006

Which presently reads as follows:

- A. Subject to such conditions as are referred to in Deed of Transfer No. 6584 dated 15th May 1920 and also to be the special condition contained in Deed of Transfer No. 3446 dated 13th May 1916, that no more than one house costing not less than Two Thousand Rand (2000,00) shall be built on this Lot.”

To be amended to:

- o Subject to conditions as are referred to in Deed of Transfer No 6584 dated 15th May 1920.

27 November 2020

20628

KAAP AGULHAS MUNISIPALITEIT

KAAP AGULHAS MUNISIPALITEIT: MUNISIPALE GRONDGEBRUIK BEPLANNING, 2015

AANSTELLING VAN LEDE VAN KAAP AGULHAS MUNISIPALE BEPLANNINGS TRIBUNAAL

Kennis word gegee ingevolge artikel 72(11) van die Kaap Agulhas Munisipaliteit Verordening op Munisipale Grondgebruikbeplanning, 2015, dat die munisipale raad van Kaap Agulhas Munisipaliteit op 28 Oktober 2020 die lidmaatskap wysig van die munisipale beplanningstribunaal met die vakante betrekkinge wat plaasgevind het.

Amptenare wat ingevolge artikel 71(1)(a) as gemagtigde amptenare aangewys is

- Eben Phillips (Munisipale Bestuurder) – Voorsitter van 2 November 2020 tot beëindiging van die werkskontrak, wat nie die tydperk van 5 jaar sal oorskry nie.
- Abdul Aziz Jacobs (Direkteur: Infrastruktuurdienste) – Ondervoorsitter van die oorblywende vyf jaar van sy termyn op kantoor wat 31 Julie 2018 begin het.

Nie-amptenare wat ingevolge artikel 71(1)(b) aangestel is

- Francois Kotze—(Overberg Distriksmunisipaliteit) vir 'n verdere tydperk van 5 jaar vanaf 2 November 2020.

Ingevolge Artikel 72 (11)(c)(iv) van die Kaap Agulhas Munisipale Verordening op Munisipale Grondgebruik Beplanning, 2015 word kennis gegee dat die wysiging van die Kaap Agulhas Munisipale Tribunaal in werking tree van datum van publikasie van die kennisgewing.

EO PHILLIPS, MUNISIPALE BESTURDER

27 November 2020

20626

STAD KAAPSTAD

STAD KAAPSTAD VERORDENING OP MUNISIPALE BEPLANNING, 2015

Kennis geskied hiermee ingevolge die vereistes van artikel 48(5)(a) van die Stad Kaapstad: Verordening op Munisipale Beplanning, 2015 dat die Stad na aanleiding van 'n aansoek deur **Pierre Smit & Associates**, die beperkende titelaktevoorwaardes soos vervat in titelakte no. **T94455/2007, 22346/2012 en T14247/2006**, ten opsigte van Erf 213 en 214 Seepunt, soos volg opgehef en gewysig het:

Skrapping van voorwaarde vervat in titelakte T94455/2007

- C1: B. Dat nie meer as een huis, wat nie minder as een duisend pond kos nie, op elk van die bogenoemde erwe opgerig mag word nie.

Wysiging van voorwaarde vervat in titelakte 22346/2012 en T14247/2006

Wat tans soos volg lui:

- A. Onderworpe aan sodanige voorwaardes waarna verwys word in oordragakte no. 6584 van 15 Mei 1920 en ook die spesiale voorwaarde vervat in oordragakte no. 3446 van 13 Mei 1916, dat nie meer as een huis, wat nie minder as twee duisend rand (R2 000,00) kos nie, op hierdie erf gebou mag word nie.

Gewysig word na:

- o Onderworpe aan sodanige voorwaardes waarna verwys word in oordragakte no. 6584 van 15 Mei 1920.

27 November 2020

20628

CITY OF CAPE TOWN
CITY OF CAPE TOWN MUNICIPAL PLANNING
BY-LAW, 2015

Notice is hereby given in terms of the requirements of section 48(5)(a) of the City of Cape Town Municipal Planning By-Law, 2015 that the City has on application by Tommy Brümmer Town Planners, removed conditions as contained in Title deed T62349/2008, in respect of Erf 302, Milnerton, title deed T64771/2008 in respect of Erf 35639 Milnerton and in the following manner:

Deed T64771/2008 in respect of Erf 35639, Milnerton:

Condition: C(1): *No owner shall at any time hold less than two adjoining registered lots which together shall have a road frontage of not less than 31.49 meters and a uniform depth of not less than 31.49 metres.*

Condition: C(6): *No building shall be erected within 5 meters of Koeberg Road and 4.5 meters of Algoa Road forming a boundary of the said land (with the exception of an outbuilding such as a garage). No more than 50% coverage should be permitted except with written consent from Council.*

Deed T62349/2008 in respect of Erf 302, Milnerton:

Condition: C(1): *No owner shall at any time hold less than two adjoining registered lots which together shall have a road frontage of not less than 31.49 metres and a uniform depth of not less than 31.49 metres.*

Condition: C(3): *Unless otherwise approved, in writing, by the Company and by the Local Milnerton Board or its Successors, only one dwelling house together with such outbuildings as are ordinary required to be used therewith, shall be permitted in respect of each other two adjoining registered lots as defined in Condition no.: 1 above, and each such dwelling house with such outbuildings shall be separately located on such two lots. Each dwelling house (apart, that is, from outbuildings) shall cost not less than R5000.00.*

Condition: C(4): *No hotel, club, bar, licensed public house or other place of sale of intoxicating liquor; shop, nor any business place whatsoever, other than a boarding house, nor any flats, or semi-detached dwelling house shall be opened or carried on or erected upon any portion of the said land without the written consent of the Company first had and obtained.*

Condition: C(6): *No building shall be erected within 7.87 meters of any road forming a boundary neither of the said land, nor (with the exception of any outbuilding such as a garage) within 4.72 meters of any other boundary thereof. Not more than two-thirds of the area of the said land shall be built upon.*

27 November 2020

20627

CITY OF CAPE TOWN
CITY OF CAPE TOWN MUNICIPAL PLANNING
BY-LAW, 2015

Notice is hereby given in terms of the requirements of section 48(5)(a) of the City of Cape Town Municipal Planning By-Law, 2015 that the City has on application by Tommy Brümmer Town Planners to remove conditions as contained in Title Deed No. T 25359/2017 and referred to in title deed T1073/1931 and Deed of Transfer No T6451/1942 in respect of Erf 2111, Oranjezicht, in the following manner:

The following conditions to be deleted:

C1: Only one dwelling house shall be built on each lot, such house to be of the value of not less than R3000,00 exclusive of the value of the land.

B3: That not more than one dwelling together with the necessary outbuildings and appurtenances, be erected on the erf and that not more than one third of the area of the erf be built upon.

27 November 2020

20631

STAD KAAPSTAD

STAD KAAPSTAD VERORDENING OP MUNISIPALE
BEPLANNING, 2015

Kennis geskied hiermee ingevolge die vereistes van artikel 48(5)(a) van die Stad Kaapstad: Verordening op Munisipale Beplanning, 2015 dat die Stad na aanleiding van die aansoek deur Tommy Brümmer Town Planners op die volgende wyse voorwaardes opgehef het, soos vervat in titelakte no. T62349/2008 ten opsigte van Erf 302 Milnerton en titelakte T64771/2008 ten opsigte van erf 35639 Milnerton:

Akte T64771/2008 ten opsigte van Erf 35639 Milnerton

Voorwaarde: C(1): *Geen eienaar mag te eniger tyd minder as twee aangrensende geregistreerde erwe hou nie wat saam 'n padvooraansig van nie minder nie as 31,49 meter en 'n eenvormige diepte van nie minder nie as 31,49 meter het.*

Voorwaarde: C(6): *Geen gebou mag opgerig word nie binne 5 meter van Koebergweg en 4,5 meter van Algoaweg wat 'n grens van die betrokke grond uitmaak (met die uitsondering van 'n buitegebou soos 'n motorhuis). Nie meer as 50%-dekking moet buiten met die Raad se skriftelike toestemming toegelaat word nie.*

Akte T62349/2008 ten opsigte van Erf 302 Milnerton:

Voorwaarde: C(1): *Geen eienaar mag te eniger tyd minder as twee aangrensende geregistreerde erwe hou nie wat saam 'n padvooraansig van nie minder nie as 31,49 meter en 'n eenvormige diepte van nie minder nie as 31,49 meter het.*

Voorwaarde: C(3): *Tensy andersins skriftelik toegelaat deur die maatskappy en die plaaslike Milnerton-raad of sy opvolgers, mag slegs een woonhuis tesame met sodanige buitegeboue as wat gewoonlik daarmee saam gebruik word, toegelaat word ten opsigte van elke ander twee aangrensende geregistreerde erwe soos omskryf in voorwaarde no.: 1 hierbo, en elke sodanige woonhuis met sodanige buitegeboue moet apart of sodanige twee erwe geleë wees. Elke woonhuis (dus buiten buitegeboue) mag nie minder as R5 000 kos nie.*

Voorwaarde: C(4): *Geen hotel, klub, kroeg, gelisensieerde openbare plek of ander plek waar bedwelgende drank verkoop word, of hoege-naamd enige ander sakeplek, buiten 'n losieshuis, of enige woonstelsel of skakelhuus mag oorgemaak of bedryf word of opgerig word nie op enige gedeelte van die betrokke grond sonder dat die skriftelike toestemming van die maatskappy eers verkry is.*

Voorwaarde: C(6): *Geen gebou mag opgerig word nie binne 7.87 meter van enige pad wat 'n grens van die betrokke grond uitmaak (met die uitsondering van 'n buitegebou soos 'n motorhuis) of binne 4,72 meter vanaf enige ander grens daarvan nie. Daar mag nie op meer as twee-derdes van die oppervlakte van die betrokke grond gebou word nie.*

27 November 2020

20627

STAD KAAPSTAD

STAD KAAPSTAD VERORDENING OP MUNISIPALE
BEPLANNING, 2015

Kennis geskied hiermee ingevolge die vereistes van artikel 48(5)(a) van die Stad Kaapstad: Verordening op Munisipale Beplanning, 2015 dat die Stad na aanleiding van die aansoek deur Tommy Brümmer BK. op die volgende wyse voorwaardes opgehef het, soos vervat in titelakte no. T25359/2017 en waarna in titelakte T1073/1931 en oordragakte no. T6451/1942 ten opsigte van Erf 2111, Oranjezicht verwys word:

Skraping van die volgende voorwaardes (vertaal):

C1: Slegs een woonhuis mag op elke erf gebou word, en sodanige huis moet nie minder as R3 000 werd wees nie, die waarde van die grond uitgesluit.

B3: Dat nie meer as een gebou met die nodige buitegeboue en toebehore op die erf opgerig word nie en nie meer as 'n derde van die oppervlakte van die erf bebou mag word nie.

27 November 2020

20631

GEORGE MUNICIPALITY
NOTICE NUMBER FIN 016 OF 2020

**PUBLIC NOTICE CALLING FOR INSPECTION OF
FIRST SUPPLEMENTARY VALUATION ROLL 2020/2021 AND
LODGING OF OBJECTIONS**

Notice is hereby given in terms of Section 49(1)(a)(i)(c) of the Local Government: Municipal Property Rates Act, 2004 (Act No. 6 of 2004), hereinafter referred to as the "Act", that the 1st supplementary valuation roll for the financial years 2020/2021 is open for public inspection at the following venues from 26 November to 5 January 2021.

Enquiries:

- Anita Scheepers/Mimi Conradie/Clark Lesibanie
George Municipality
Department Financial Services
Valuations
Ground Floor
York Street
(044) 8019111

In addition the valuation roll is available at website:
www.george.gov.za

An invitation is hereby made in terms of section 49(1)(a)(ii)(c) of the Act that any owner of property or other person who so desires should lodge an objection with the municipal manager in respect of any matter reflected in, or omitted from, the valuation roll within the above-mentioned period.

Attention is specifically drawn to the fact that in terms of section 50(2) of the Act an objection must be in relation to a specific individual property and not against the valuation roll as such.

The form for the lodging of an objection is obtainable at the above-mentioned venue or website www.george.gov.za. The completed forms, duly signed must be returned to the above address or faxed (044) 8019437 or emailed to valuations@george.gov.za.

T BOTHA, MUNICIPAL MANAGER

27 November 2020

20630

CITY OF CAPE TOWN
**CITY OF CAPE TOWN MUNICIPAL PLANNING
BY-LAW, 2015**

Notice is hereby given in terms of the requirements of section 48(5)(a) of the City of Cape Town Municipal Planning By-Law, 2015 that the City has on application by **Andrew Pratt Town Planning (Pty) Ltd**, deleted and amend restrictive title deed conditions as contained in Title Deed No 6453 referred to in T 42364/2014, in respect of ERF 2104, 5 INVERMARK CRESCENT, GARDENS, in the following manner:

Deletion of restrictive title deed conditions:

Condition B(d) in Deed of Transfer 6453: "That no building shall be erected within 10 feet of any street line, which forms a boundary of the erf. No building shall be situated within 5 feet of any adjoining erf, provided, however, that exception may be made in the case of two or more adjoining erven under a single ownership being blocked and built upon as a single erf."

Amendment of the following title deed conditions which reads as follows:

Condition B(c) in Deed of Transfer 6453: That not more than one dwelling, together with the necessary outbuildings and appurtenances, be erected on the erf and that not more than one-third the area of the erf be built upon.

To be amended to read as follows:

- That not more than one dwelling, together with the necessary outbuildings and appurtenances, be erected on the erf.

27 November 2020

20632

GEORGE MUNISIPALITEIT

KENNISGEWING NOMMER FIN 016 VAN 2020

**PUBLIEKE KENNISGEWING VIR INSPEKSIE VAN DIE
EERSTE AANVULLENDE WAARDASIELYS 2020/2021 EN
BESWAAR AANTEKEN**

Kennis word hierby gegee in terme van Artikel 49(1)(a)(i)(c) van die Plaaslike Regering: Munisipale Eiendomsbelasting Wet, 2004 (Wet Nr. 6 van 2004), hierin verwys na as die "Wet", dat die 1ste aanvullende waardasielys vir die boekjaar 2020/2021 ter insae lê vir publieke inspeksie by die volgende kantore van 26 November tot 5 Januarie 2021:

Navrae:

- Anita Scheepers/Mimi Conradie/Clark Lesibanie
George Munisipaliteit
Departement Finansiële Dienste
Waardasies
Grondvloer
York straat
(044) 8019111

Die waardasierol, is verkrybaar op die munisipale webblad:
www.george.gov.za.

'n Uitnodiging word hierby gerig, in terme van Artikel 49(1)(a)(ii)(c) in die Wet, dat enige eienaar van eiendom of enige ander persoon wat dit nodig ag, 'n beswaar by die Munisipale Bestuurder kan indien vir enige aangeleentheid vervat of weggelaat in die waardasielys binne bogenoemde tydperk.

U aandag word spesifiek daarop gevestig dat in terme van Artikel 50(2) in die Wet 'n beswaar teen 'n spesifieke individuele eiendom ingedien moet word, en nie teen die waardasierol in sy geheel nie.

Die vorms om 'n beswaar in te dien, is verkrybaar by bogenoemde kantore of op die munisipale webblad www.george.gov.za beskikbaar. Die voltooië vorm, behoorlik onderteken moet by die genoemde kantore ingehandig word of faks (044) 8019437 of per epos na valuations@george.gov.za.

T BOTHA, MUNISIPALE BESTUURDER

27 November 2020

20630

STAD KAAPSTAD
**STAD KAAPSTAD VERORDENING OP MUNISIPALE
BEPLANNING, 2015**

Kennisgewing geskied hiermee kragtens die vereistes van artikel 48(5)(a) van die Stad Kaapstad: Verordening op Munisipale Beplanning, 2015, dat die Stad na aanleiding van 'n aansoek deur **Andrew Pratt Town Planning (Edms.) Bpk.** beperkende titelaktevoorwaardes soos vervat in titelakte no. 6453 na verwys in T 42364/2014, ten opsigte van ERF 2104, INVERMARKSINGEL 5, TUINE, soos volg geskrap en gewysig het:

Skrapping van beperkende titelaktevoorwaardes:

Voorwaarde B(d) in titelakte 6453: "Dat geen gebou binne 10 voet van enige straatlyn, wat 'n grens van die erf vorm, opgerig mag word nie. Geen gebou mag binne 5 voet van enige aangrensende erf geleë wees nie, met dien verstande dat die uitsondering eger gemaak kan word in die geval van twee of meer aangrensende erwe onder enkele eienaarskap wat geblokkeer word en as een erf bebou word."

Wysiging van die volgende titelaktevoorwaardes wat soos volg lui:

Voorwaarde B(c) in titelakte 6453: Dat nie meer as een woning, tesame met die nodige buitegeboue en byvoegsels, op die erf opgerig word nie en dat nie meer as een derde van die gebied bebou word nie.

Gewysig word om soos volg te lui:

- Dat nie meer as een woning, saam met die nodige buitegeboue en bybehore, op die erf opgerig mag word nie.

27 November 2020

20632

**OVERSTRAND MUNICIPALITY
CLOSING OF PUBLIC PLACE ERF 1406, SANDBAAI
OVERSTRAND MUNICIPALITY AMENDED
BY-LAW ON MUNICIPAL
LAND USE PLANNING, 2020**

Notice is hereby given in terms of the provisions of Section 47(1)(f) of the Overstrand Municipality Amended By-law on Municipal Land Use Planning, 2020, that Erf 1406 Sandbaai measuring 198m² in extent, has been closed.

Surveyor General's Reference Number: *S/10350/5/14 v.1 p160*

Municipal Manager, Overstrand Municipality,
P.O. Box 20, **HERMANUS**, 7200

Municipal Notice:

27 November 2020

20633

**CITY OF CAPE TOWN
CITY OF CAPE TOWN MUNICIPAL PLANNING
BY-LAW, 2015**

Notice is hereby given in terms of the requirements of section 48(5)(a) of the City of Cape Town Municipal Planning By-Law, 2015 that the City has on application by Plan 4 SA removed conditions as contained in Title Deed No. T65038/2014, in respect of Erf 18282, CAPE TOWN, in the following manner:

Removed condition: B.3(a), B.3(b), B.3(c) and B.3(d)

- 1.1.1 Condition B.3.(a): it shall not be subdivided;
- 1.1.2 Condition B.3.(b): it shall be used for the purpose of erecting thereon one dwelling together with such outbuildings as are ordinarily required to be used therewith;
- 1.1.3 Condition B.3.(c): not more than half the area thereof shall be built upon;
- 1.1.4 Condition B.3.(d): no building or structure or any portion thereof, except boundary walls and fences, shall be erected nearer than 4,72 metres to the street line which forms the boundary of this erf nor within 1,57 metres of the lateral or 3,15 metres of the rear boundary common to any adjoining erf provided that with the consent of the local authority, an outbuilding not exceeding 3,05 metres in height measured from the floor to the wall plate may be erected within the above prescribed lateral space for a distance of 9,45 metres reckoned from the rear boundary. On consolidation of any two or more erven this condition shall apply to the consolidated area as a whole;

27 November 2020

20634

**CITY OF CAPE TOWN
CITY OF CAPE TOWN MUNICIPAL PLANNING
BY-LAW, 2015**

Notice is hereby given in terms of the requirements of section 48(5)(a) of the City of Cape Town Municipal Planning By-Law, 2015 that the City has on application by ELCO PROPERTY DEVELOPMENTS removed conditions as contained in Title Deed No. T 38242 of 2017, in respect of Erf 5473, MILNERTON, in the following manner:

Removal of restrictive title deed conditions B.(b); B.(c); B.(d) and C.(e) which read as follows:

B.(b): That only one dwelling house, or, subject to the consent of the Local Authority, a special building be erected on this erf.

B.(c): That not more than one-third the area of this erf be built upon.

B.(d): That no building or structure or any portion thereof, except boundary walls and fences, shall be erected nearer than 15 feet to the street line which forms a boundary of this erf. No such building or structure shall be situated within 5 feet of the lateral boundary common to any adjoining erf.

C.(e): That this erf be not subdivided except with the consent in writing of the Administrator.

27 November 2020

20635

**OVERSTRAND MUNISIPALITEIT
SLUITING VAN PUBLIEKE PLEK ERF 1406, SANDBAAI
OVERSTRAND MUNISIPALITEIT GEWYSIGDE
VERORDENING VIR MUNISIPALE
GRONDGEBRUIKBEPLANNING, 2020**

Kennis word hiermee gegee ingevolge die bepalings van Artikel 47(1)(f) van die Overstrand Munisipaliteit Gewysigde Verordening op Munisipale Grondgebruikbeplanning, 2020, dat Erf 1406 Sandbaai 198m² in grootte, gesluit is.

Landmeter Generaal Verwysingsnommer: *S/10350/5/14 v.1 p160*

Munisipale Bestuurder, Overstrand Munisipaliteit,
Posbus 20, **HERMANUS**, 7200

Munisipale Kennisgewing:

27 November 2020

20633

**STAD KAAPSTAD
STAD KAAPSTAD VERORDENING OP MUNISIPALE
BEPLANNING, 2015**

Kennis geskied hiermee ingevolge die vereistes van artikel 48(5)(a) van die Stad Kaapstad; Verordening op Munisipale Beplanning, 2015 dat die Stad na aanleiding van 'n aansoek deur Plan 4 SA die volgende voorwaardes soos vervat in titelakte no. T65038/2014, ten opsigte van Erf 18282, KAAPSTAD, opgehef het:

Voorwaardes opgehef: B.3(a), B.3(b), B.3(c) en B.3(d)

- 1.1.1 Voorwaarde B.3.(a): dit mag nie onderverdeel word nie;
- 1.1.2 Voorwaarde B.3.(b): dit sal gebruik word vir die oprigting van een woning tesame met die buitegeboue wat normaalweg nodig is om daarmee saam gebruik te word;
- 1.1.3 Voorwaarde B.3.(c): nie meer as die helfte van die oppervlakte mag bebou word nie;
- 1.1.4 Voorwaarde B.3.(d): geen gebou of struktuur of enige gedeelte daarvan, buiten grensmure en—heinings, mag nader as 4,72 meter aan die straatlyn wat die grens van hierdie erf vorm, opgerig word nie, of binne 1,57 meter vanaf die laterale grens of 3,15 meter vanaf die agterste grens gemeenskaplik aan enige aangrensende erf nie, op voorwaarde dat met die vergunning van die plaaslike owerheid, 'n buitegebou van nie hoër as 3,05 meter nie, gemeet vanaf die vloer tot by die muurplaat, binne bogenoemde voorgeskrewe laterale ruimte opgerig mag word vir 'n afstand van 9,45 meter vanaf die agterste grens. By konsolidering van enige twee of meer erwe is hierdie voorwaarde op die gekonsolideerde oppervlakte as geheel van toepassing;

27 November 2020

20634

**STAD KAAPSTAD
STAD KAAPSTAD VERORDENING OP MUNISIPALE
BEPLANNING, 2015**

Kennisgewing geskied hiermee kragtens die vereistes van artikel 48(5)(a) van die Stad Kaapstad; Verordening op Munisipale Beplanning, 2015, dat die Stad na aanleiding van 'n aansoek deur ELCO PROPERTY DEVELOPMENTS, voorwaardes soos vervat in titelakte no. T 38242 van 2017, ten opsigte van Erf 5473, MILNERTON, soos volg verwyder het:

Opheffing van beperkende titelaktevoorwaardes B.(b);B.(c);B.(d) en C.(e) wat lui soos volg:

B.(b): Dat slegs een woonhuis, of, onderworpe aan die vergunning van die plaaslike owerheid, 'n spesiale gebou op hierdie erf opgerig mag word.

B.(c): Dat daar op nie meer as een derde van die gebied van hierdie erf gebou word nie.

B.(d): Dat geen gebou of struktuur of enige gedeelte daarvan, behalwe grensmure en heinings, nader as 15 voet van die straatlyn wat 'n grens van hierdie erf vorm, opgerig mag word nie. Geen sodanige gebou of struktuur binne 5 voet van die gemeenskaplike sygrens met enige aangrensende erf opgerig word nie.

C.(e): Dat hierdie erf nie onderverdeel word buiten met die skriftelike toestemming van die Administrateur nie.

27 November 2020

20635

OUDTSHOORN MUNICIPALITY

NOTICE NR 303 of 2020

CALL FOR NOMINATIONS FOR PERSONS TO BE APPOINTED AS NON-GOVERNMENT EXTERNAL MEMBERS TO THE EDEN JOINT MUNICIPAL PLANNING TRIBUNAL

CLOSING DATE: 21 JANUARY 2021

In terms of the Spatial Planning and Land Use Management Act, 16 of 2013, the Oudtshoorn Municipality hereby invites nominations for members of the public to be appointed to the Eden Joint Municipal Planning Tribunal as non-government external members for its first term of office.

The period of office of members will be 5 (five) years calculated from the date of appointment of such members.

Nominees must be persons with leadership qualities and must be registered as a Professional Planner, in terms of the Planning Profession Act 36 of 2002, thus with knowledge and experience of spatial planning, land use management and land development and the law related thereto.

Each nomination must be in writing and must contain the following information:

- (a) The name and address of the nominator, who must be a natural person and a person may nominate himself or herself.
- (b) The name, address and identity number of the nominee.
- (c) Motivation by the nominator for the appointment of the nominee to the Eden Joint Municipal Planning Tribunal (not exceeding one page).
- (d) A short curriculum vitae of the nominee (not exceeding two pages).
- (e) Certified copies of qualifications and registration certificates indicating registration with the South African Council for Planners.

Please note that failure to comply with the above requirements will result in the disqualification of the nomination. Membership will only be confirmed upon written confirmation of the appointment, followed by publication of said appointment.

Non-government external members serving on the Eden Joint Municipal Planning Tribunal:

- (a) will not be remunerated but will be provided with record of service toward claiming CPD points with SACPLAN;
- (b) any possible travel and subsistence will be at the cost of the member;
- (c) will be required to abide by the terms and conditions, as well as operational procedures applicable to tribunal members as stipulated in the EJMPM Memorandum of Agreement, including any other rules or measures as may be determined by the Chairperson from time to time; and
- (d) must have access to email facilities with a valid email address and be in possession of the tools to conduct meetings through Virtual Conferencing (MS Teams).

(The Eden Joint Municipal Planning Tribunal is established in terms of Section 34(1) of the Spatial Planning and Land Use Management Act, 16 of 2013 and the participating Municipalities are George Municipality, Hessequa Municipality, Kannaland Municipality, Mossel Bay Municipality and Oudtshoorn Municipality)

Nominations must be sent to:

The Municipal Manager Oudtshoorn Municipal P.O Box 255	For Attention: Mr. B. J. Eastes For Enquiries: Mrs. B. Jonck Tel.: 044 203 3979
---	--

**OUDTSHOORN
6620**

MR. G DE JAGER, ACTING MUNICIPAL MANAGER

27 November 2020

20636

DEPARTMENT OF TRANSPORT AND PUBLIC WORKS

Transport and Provincial Public Works

Erratum

“Provincial Gazette Number 8356 published on Friday 20 November 2020 refers.

The English, Afrikaans and isiXhosa Notices appearing on pages 774 and 775 have been published in error and are hereby withdrawn.

The English, Afrikaans and isiXhosa Notices appearing on pages 778 and 779 were intended to replace the erroneous Notices and therefore remain unchanged.”

27 November 2020

20622

OVERSTRAND MUNICIPALITY

AMENDED NOTICE

ERF 384, 37 FLOWER STREET, WESTCLIFF, HERMANUS: APPLICATION FOR REZONING, CONSENT USE, CLOSURE OF A PUBLIC PLACE AND DEVIATION OF THE OVERSTRAND MUNICIPAL SPATIAL DEVELOPMENT FRAMEWORK, 2020 AND AMENDMENT OF THE GROWTH MANAGEMENT STRATEGY, 2010: MESSRS INTERACTIVE TOWN & REGIONAL PLANNING ON BEHALF OF OVERSTRAND MUNICIPALITY

Notice is hereby given in terms of Section 47 read together with Section 10 of the Overstrand Municipality By-Law on Municipal Land Use Planning, 2015 (By-Law) that Municipal Notice 138/2020, dated 11 November 2020 is hereby amended to read as follows:

Deviation of the Overstrand Municipal Spatial Development Framework, 2020

Municipal Manager, Overstrand Municipality, P.O. Box 20, **HERMANUS**, 7200

Municipal Notice No. 148/2020

27 November 2020

20619

OVERSTRAND MUNISIPALITEIT

GEWYSIGDE KENNISGEWING

ERF 384, FLOWERSTRAAT 37, WESTCLIFF, HERMANUS: AANSOEK OM HERSONERING, VERGUNNINGSGEBRUIK, SLUITING VAN PUBLIEKE PLEK EN AFWYKING VAN DIE OVERSTRAND MUNISIPALE RUIMTELIKE ONTWIKKELINGSRAAMWERK, 2020 EN WYSIGING VAN DIE OVERSTRAND GROEIBESTUURSTRATEGIE, 2010: MNRE INTERACTIVE TOWN & REGIONAL PLANNING NAMENS MUNISIPALITEIT OVERSTRAND

Kennis geskied hiermee ingevolge Artikel 47 saamgelees met Artikel 10 van die Overstrand Munisipaliteit Verordening op Grondgebruikbeplanning, 2015 (Verordening) dat Munisipale Kennisgewing Nr. 138/2020, gedateer 11 November 2020 hiermee gewysig is om as volg te lees:

Afwyking van die Overstrand Munisipale Ruimtelike Ontwikkelingsraamwerk, 2020

Munisipale Bestuurder, Overstrand Munisipaliteit, Posbus 20, **HERMANUS**, 7200

Munisipale Kennisgewing Nr. 148/2020

27 November 2020

20619

ISIMEMEZELO ESIHLONYELWEYO

ISIZA 384, 37 FLOWER STREET, WESTCLIFF, HERMANUS: ISICELO SOKUCANDWA KOKUTSHA KWEMIDA, UKUSETYENZISWA KWEMVUME, UKUVALWA KWENDAWO YOLUNTU KUNYE NOKUPHAMBUKA KWENKQUBO-SIKHOKELO YOPHULISO LOMHLABA KA-MASIPALA WASE-OVERSTRAND, 2020 KUNYE NESICWANGCISO-QHINGA SOLAWULO LOKUKHULA, 2010: MESSRS INTERACTIVE TOWN & REGIONAL PLANNING EGAMENI LO-MASIPALA WASE-OVERSTRAND

Isaziso sikhutshwe ngokwemiqathango yeCandelo lama-47 elifundwa kunye neCandelo le-10 loMthetho oYilwayo woMasipala wase-Overstrand ongesiCwangciso sokuSetyenziswa koMhlaba kaMasipala, 2015 sokokuba isaziso sika-Masipala 138/2020 somhla we 11 kuNovemba 2020 silungisiwe ukuze sifundwe ngolu hlobo lulandelayo:

Ukuphambuka kweNkqubo-sikhokelo yophuhliso lohlabha yendawo yase-Overstrand, 2020

Umlawuli kaMasipala, Kwifosi zikaMasipala, PO Box 20, **HERMANUS**, 7200

InomboloYesazisokaMasipala 148/2020

27 kweyeNkanga 2020

20619